# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENGING & BEWAREA

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 4 MAART 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

## NOMMER 02/2015

### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Wendy Wiles open die vergadering met gebed en Anton verwelkom almal teenwoordig.

### 2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | **(Voorsitter)** | Tergniet |
| Mike Wray | **(Ondervoorsitter)** | Tergniethoogte |
| Charl de Wet | | Klein Brakrivier |
| Pieter Le Roux | | Klein Brakrivier |
| Wendy Wiles | | Bewarea |
| Johan Lotter | | Reebok(bo spoor) |
| Ann Pretorius | | De Lange Uitbreiding |
| Ray Saul | | Reebokhoogte |

### 2.2 Op uitnodiging

| | | |
|---|---|---|
| Rozain Hansen | | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadsheer Kalie Smit - Raadslid Wyk 4 | | |
| Raadslid Gibo Gerber - Raadslid Wyk 5 | | |
| Lavinia Lunow | | Fraai Uitsig |
| Frans de Graaff | | Bou Inspekteur |
| Lydia Havenga | | Bewarea |
| Terry Terblanche | | Riverside |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Charl Coetzer | | Fraai Uitsig |
| Des Muller | | Riverside |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebok Rif |
| Johann Muller | | Reebok (Onder die Spoor) |
| Annatjie J van Rensburg | **(Sekretaresse)** | Eureka Park |
| Donovan Claassen | | Toekoms |
| Jorrie Jordaan | | Suiderkruis |

### 3. LIEF EN LEED

Charl en Lydia word geluk gelukgewens met hulle verjaarsdae.

### 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van vorige vergadering word aanvaar en as gelese beskou. Goedkeuring sal by volgende vergadering plaasvind. Ray Saul bevestig.

## 5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 **Voorgestelde Wyksgrense.** Item is reeds bespreek op vorige vergadering en word as afgehandel beskou.

5.2 **Verlore Boot.** Anton verwys na die inligting soos verskaf deur Des by die vorige vergadering oor die verlore Munisipale boot. Hy noem dat hy twee navrae ontvang het met sekere vereistes van terugvoer gee ens. Hy benadruk dat hy en die bestuur beslis het dat die Vereniging nie gebruik gaan word vir inwoners se eie gewin nie. Die MBBV&B is gerig op dienslewering en om doelstellings eerbiedig na te kom. Navraag was gerig aan Munisipaliteit en hulle het aangedui dat geen verdere inligting weens 'n hofbevel uitgereik mag word nie. Ons het die inwoners dienooreenkomstig meegedeel. Verskeie ander navrae het gevolg waarop die Voorsitter ook verduidelik het dat geen persoonlike informasie aangaande inwoners se persoonlike versoeke/klagtes aan inwoners tydens spesifieke navrae oorhandig mag word, sonder die klaer se toestemming nie. Alle informasie is beskikbaar op ons notules wat op die webtuiste is.

5.3 **Groenstrook tussen Eden / Mosselbaai.** Die Munisipaliteit het verwittig dat area by Reebok skoongemaak is. Haal af.

5.4 **Beurtkrag.** Charl noem dat skedules nie ooreenstem nie. Anton noem dat die Munisipaliteit bevestig het dat hulle ten alle tye die inwoners sal verwittig indien hulle ook vooraf weet wat Eskom se beplanning is rondom Beurtkrag. Inwoners moet die nodige voorsiening maak vir nood situasies. Saak is by vorige vergadering bespreek en word as afgehandel beskou. Haal af.

5.5 **Langs Toekoms: Agter De Lange Uitbr nuwe ontwikkeling.** Anton bevestig dat daar nog geen aansoek by die Munisipaliteit ingedien is nie. Haal Af.

5.6 **Reebok Rif Trust (HEV).** Anton gee terugvoer. Die HEV is uitgenooi om deel te vorm van die MBBV&B soos deur homself en Rdh Kalie Smit aan hulle verduidelik het. Die Prokureur het dit ondersteun maar tot op hede geen kontak vanaf HEV ontvang nie. Net Mnr Kruger het navraag gedoen oor 'n Bewarea vereiste wat die ontwikkeling ontvang het. Anton noem weer dat die MBBV&B al die jare na die gedeelte gekyk het en sal voortaan versoeke deurgee aan Munisipaliteit. Haal af.

5.7 **Boupersele/Erwe.** Anton doen 'n beroep op al die verteenwoordigers om asb hulle areas mooi te monitor vir slordige bouwerk aan persele. Ons het verskeie navrae en klagtes ontvang oor bouers wat bourommel in buurmense se erwe stort, asook oortollige sand teen Kusweg se duine af stort. Wendy noem dat daar in De Jager weg 'n vier verdieping huis gebou word waaroor inwoners ongelukkig is. Mike sê dat dit nie toelaatbaar is nie. Rozain sal navraag doen. Frans De Graaf is al gekontak wat sekere gebiede monitor. **Vir Aksie: Alle Lede, Rozain & Frans.**

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

6.1 **Regsake Item 2 aktiwiteitslys: Tennisbane (Anton & Annatjie).** Saak op Aktiwiteitslys geplaas – Aug 2015.

6.2 **Aflewering van Swartsakke/Blousakke.** Skrywe is gerig aan Munisipaliteit. Rozain het ook navraag gedoen, kontrakteur sal gekontak word. Mike bevestig dat sakke weer afgelewer is en geen klagte ontvang is nie. Anton noem dat individuele gevalle dadelik gerapporteer en opgevolg moet word. Haal af.

6.3 **Kleinbrakrivier Reëls.** Die saak is al bespreek en in proses by die Rivierforum. Haal af.

6.4 **Honde op strande.** Wendy verskaf terugvoer. Anton noem dat hy sal monitor as daar enige Raads agenda punt is oor die honde, sodat lede kan bywoon. Haal af.

6.5 **MBBV&B Webtuiste**. Anton noem dat hy, Annatjie en Lavinia binnekort opleiding gaan ontvang om die webtuiste self te beheer. Indien daar nog belangstellende lede is moet hulle aansluit. Haal af.

6.6 **Kommunikasie met inwoners.** Saak reeds bespreek by vorige vergadering. Haal af.

6.8 **Sloot: tussen R102 & Eureka Park.** Anton noem dat terugvoer nog uitstaande is rondom die aangeleentheid. Rozain en Annatjie het weer navraag gerig. **Vir Aksie: Rozain & Annatjie**

6.9 **Kleinbrakrivier Stasie.** Saak is bespreek met inwoner. Charl noem ook dat sy firma ook deel gevorm het met die kwotasie proses en bevestig dat geen onreelmatighede met bou proses was nie en dat alles voldoen aan die 'Heritage' wetgewing. Hy stel voor dat inwoners die argitek kontak omrede eienaar in die buiteland is. Anton sal Mnr Hartsenberg inlig. Haal af.

6.10 **Kleinbrak – Oorskreiding van boulyn: Van der Rietstraat 18.** Blykbaar voldoen die eiendom aan al die bouvereistes. Charl bevestig en Anton noem dat die navraag aan die Munisipaliteit gestuur is. Haal af.

## 7. BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Anton en Mike sal die 12 Maart 2015 se vergadering bywoon

## 8. WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5

Lede sal terugvoer gee na hulle volgende vergadering.

## 9. PROJEKTE

9.1 **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering.** Geen versoeke ontvang nie.

9.2 **Hersiening van Straatname & Kartering van nuwe uitbreidings.** Geen terugvoer ontvang nie.

9.3 **Skoonmaak van erwe.** Versoeke word deurlopend deurgegee.

## 10. FINANSIES

Die Voorsitter gee finansiële verslag deur aan die komitee. Fondse onveranderd. Bank Saldo is R9881.28 Dank en waardering aan al die getroue inbetalings. Saal huur sal betaal word aan die Munisipaliteit. Frik het deurgegee dat die nuwe bewarea bank kaarte uitgereik is en bank balanse bly onveranderd. Boekies uitgedeel aan Pieter Le Roux (x) en Charl De Wet (w).

**11. POLISIëRING /BUURTWAG**

Anton gee terugvoer. Alle verdagtes moet gerapporteer word.

**12. BEWAREA**

12.1 **<u>Projekte.</u>** Wendy gee terugvoer oor verskeidenheid klein projekte waarmee hulle besig is. Die groenstrook vanaf Grysbok tot en met Impala se uitheemse bome gaan verwyder word. 'n Paar inwoners reeds besig. Toestemming reeds ontvang van Mnr Dirk Zietsman. 'n Versoek vir die area in Kleinbrak wat aan Dept Openbare Werke behoort sal aan hulle gestuur word.

12.1.1 Die Skilpaaie projek sal binnekort begin.

12.1.2 Anton noem dat die Midbrak Vriendskapklub hulle genader het om oor die See en marine lewe te kom gesels.

12.2 **<u>Rivier Forum Kleinbrakrivier.</u>** Wendy sal volgende vergadering bywoon.

**13. PLAASLIKE SAKE**

13.1 **<u>De Lange Uitbreiding - (Ann).</u>** Ann noem dat hulle baie lae waterdruk het en dat dit 'n probleem word. Rozain sal klagte deurgee vir ondersoek by nommer 10 De Lange weg. Anton noem dat hulle so jaar terug ook 'n geval gehad het in die omgewing. **Aksie: Rozain & Anton.**

13.2 **<u>Fraai Uitsig - (Charl & Lavinia).</u>** Anton noem dat daar inwoners vullis stort aangrensend aan die Robertson plaas oorkant Fraai Uitsig. Inwoners moet asb monitor. Geen verder klagtes en terugvoer.

**13.3 Klein Brakrivier - (Pieter & Charl).**

13.3.1 Anton bevestig dat hulle mnr Koegelenberg se brief ontvang het vir 'n moontlike sirkel by R102 en N2 snelweg.

13.3.2 Straat ligte in Louis Fourie is gerapporteer.

13.3.3 Charl noem dat gehalte van herstelwerk by die tennisbane nie op standard is nie. Anton noem dat die Tennisklub dit dadelik met Munisipaliteit moet opneem.

13.3.4 **<u>Blouvlagstatus.</u>** Anton noem dat daar na alle probleme en versoeke gekyk moet word om dit vroegtydig aan te spreek en nie te wag vir Oktober en November nie.

**13.4 Reebok.**

13.4.1 **<u>Noord van die Spoorlyn - (Johann Muller).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

13.4.2 **<u>Suid van die Spoorlyn - (Johan Lotter).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

13.5 Reebokhoogte - (Kruger & Ray).

13.5.1 **<u>Koraal Singel 43.</u>** Anton noem dat hulle nog wag vir terugvoer. **Vir Aksie: Frans**.

13.5.2 **<u>Elektriese Kaste.</u>** In Proses. Saak sal gemonitor word. **Vir Aksie: Anton & Rozain.**

13.5.3 **<u>Onkruiddoder in die strate.</u>** Rozain volg aksie op. Skrywe sal weer gestuur word.
**Vir Aksie: Rozain**

13.6 **<u>Reebokrif - (Frik).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

13.7 **<u>Riverside - (Des & Terry).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

13.8 **<u>Tergniet - (Len & Anton).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

13.9 **<u>Tergniethoogte - (Mike).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

13.10 **<u>Toekoms - (Donovan).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

13.11 **<u>Eureka Park - (Annatjie).</u>** Klagte word deurlopend deurgegee.

13.12 **<u>Suiderkruis – (Jorrie).</u>** Geen klagtes en terugvoer.

**14. KORRESPONDENSIE**

14.1 Epos vanaf Mev Maritz en Mnr Nezer. Afgehandel.

14.2 Besware teen Kleinbrakrivier stasie. Afgehandel.

14.3 Brief ontvang vanaf Mnr Gelderbloem oor Sirkel by R102/N2

**15. ALGEMEEN**

Geen

**16. VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering vind op 1 April 2015 om 13:00 te Reebok Gemeenskapsaal plaas.

Hiermee verdaag die vergadering om 14h30.

ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG
**SEKRETARESSE**

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 03/2015 GEHOU OP 1 APRIL 2015 OM 13:00

ANTON DELLEMIJN
**VOORSITTER**